


Ons Erediens

NG Gemeente Wonderpark



Gesinserediens saamgestel deur:

Dr. Ernst Endres - 14 Junie 2020

1. VOTUM

Ons aanbid U as die goeie en enigste Heerser,
die Koning van die konings en
die Here van die heersers.
¹⁶U alleen besit onsterflikheid;
U woon in ontoeganklike lig.
Geen mens het U gesien of kan U sien nie.
Aan U kom toe eer en ewige mag! Amen.

2. SEËNGROET

Genade en vrede vir julle
van God ons Vader en
die Here Jesus Christus!

3. LOFLIED: LIED 184

1. Lofsing die Here, die Ewige, sing tot sy ere!
Lofsing die Koning; die Skepper, die Vader, die Here!
Loof almal saam – groot is sy heilige Naam!
Loof Hom, die Heer van die here!
2. Lofsing die Here, ja, almal kom loof nou die Here!
Alles wat asem het, hier tot in tydlose sferes!
Hy is die Lig; ons oog bly op Hom gerig:
Hy is die Heer van die here!



4. SKRIFLESING EN GEBED.

TEMA: GELOWIGES LEEF IN DIE SPANNINGSVELD TUSSEN LYDING EN HEERLIKHEID.

TEKS. ROMEINE 8:17-39

Inleiding

In Romeine 8 lees ons dat die Gees van Christus in ons woon (Romeine 8:9), dat ons in 'n nuwe verhouding met God, ons Vader, staan (Romeine 8:14-16) en dat ons erfgename saam met Christus is (Romeine 8:17). Verder skryf Paulus van 'n heerlikheid wat vir ons oppad is,

“En omdat ons kinders is, is ons ook erfgename. Ons is erfgename van God, erfgename saam met Christus. *Aangesien ons deel het aan sy lyding, sal ons ook deel hê aan sy heerlikheid.* Ek is daarvan oortuig dat die lyding wat ons nou moet verduur, nie opweeg teen die heerlikheid wat God vir ons in die toekoms sal laat aanbreek nie”. In 'n ander vertaling lees ons, “For I consider that the sufferings of the present time are *not worthy to be compared* with the glory that is about to be revealed to us”. (Romeine 8:17,18)

Die skepping en gelowiges leef in die spanningsveld tussen lyding en heerlikheid



Terwyl gelowiges en die skepping in die afgagting van die komende heerlikheid leef, leef ons egter in die spanningsveld tussen lyding en heerlikheid. In die spanningsveld tussen lyding en heerlikheid kom die woord “sug” drie keer na vore.


In hierdie gedeelte lees ons dat die skepping sug (Romeine 8:19-22), die kinders van God sug (Romeine 8:23-25) en die Heilige Gees sug (Romeine 8:26-30).



1. DIE SKEPPING LEEF IN DIE SPANNINGSVELD TUSSEN LYDING EN HEERLIKHEID: SUG (ROMEINE 8:19-22)

Ons weet dat die hele skepping tot nou toe sug in die pyn (geboorte) van verwagting.

Die skepping leef tussen die spanningsveld van lyding en heerlikheid



- **Die skepping sug omdat hy aan verydeling en agteruitgang onderworpe is.** Die skepping sug omdat hy aan verydeling en agteruitgang onderworpe is:
 - Lugbesoedeling
 - aardverwarming,
 - klimaatsverandering
 - oorbevolking
 - natuurrampe
 - pandemies
- **Die skepping leef met 'n gespanne afwagting.** Die skepping sien met gespanne verwagting daarna uit dat God bekend sal maak wie sy kinders is. (Romeine 8:19)
- **Die skepping leef met hoop.** Daarby het Hy die belofte van hoop gegee: ²¹die skepping sal self ook bevry word van sy verslawing aan die verganklikheid. (Romeine 8:20,21a)
- **Die komende heerlikheid van die skepping.** "Om so tot die vryheid te kom van die heerlikheid waaraan die kinders van God deel sal hê. (Romeine 8:21b)



2. DIE KINDERS VAN GOD LEEF IN DIE SPANNINGSVELD TUSSEN LYDING EN HEERLIKHEID: SUG. (ROMEINE 8:23-25)

En nie net die skepping nie, maar ook ons wat die Gees ontvang het as die eerste gawe van God, ons sug ook.

- Gelowiges sug omdat hulle daagliks in hierdie spanningsveld tussen lyding en heerlikheid heen en weer getrek word:
 - oorloë,
 - hongersnood,
 - dood van geliefdes,
 - gesondheidsprobleme,
 - aardverwarming,
 - uitbreek van die coronavirus.

IN HIERDIE SPANNINGSVELD BELEEF GOD SE KINDERS VERSKILLENDE EMOSIES: "SUG"

- **Gelowiges leef met 'n afwagting.** Ons sien daarna uit (gespanne afwagting) dat God bekend sal maak dat Hy ons as sy kinders aangeneem het: Hy sal ons van die verganklikheid bevry. (Romeine 8:23)
- **Hoop en wanhoop.** Gelowiges sug omdat hulle tussen hoop en wanhoop beweeg. Ons is immers gered, en ons het nou hierdie hoop, "Wat 'n mens al sien, hoop jy tog nie meer nie. Wie hoop nog op wat hy reeds sien?" (Romeine 8:24)
- **Leef met volharding.** Maar as ons hoop op wat ons nie sien nie, wag ons daarop met volharding". (Romeine 8:24,25)

3. IN HIERDIE SPANNINGSVELD ONTVANG ONS ONDERSTEUNING VAN DIE HEILIGE GEES: DIE HEILIGE GEES, SUG! (ROMEINE 8:26-30)

- **Weet nie hoe en wat om te bid nie.** In hierdie spanningsveld tussen lyding en heerlikheid sug gelowiges, want hulle weet nie *wat* en *hoe* om te bid nie. Om te sug is die mees primitiewe (elementêre) vorm van bid. In dié proses



staan die Heilige Gees ons in ons swakheid by. In die Grieks staan daar dat die Heilige Gees ons 'n helpende hand gee. (Romeine 8:26):

- **Die HG, wat in jou woon, verstaan jou hart en hy weet hoekom jy sug.** Die Gees staan ons ook in ons swakheid by: ons weet nie wat en hoe ons behoort te bid nie. (Romeine 8:26a)
- **Die HG vertaal die inhoud van jou sug in woorde.** Maar die Gees self pleit vir ons met versugtinge wat nie met woorde gesê word nie. (Romeine 8:26b)
- **Die Heilige Gees praat met God, wat weet wat Sy doel met jou lewe is.** En God, wat die harte deurgrond, weet wat die bedoeling van die Gees is, want Hy pleit, volgens die wil van God (spanningsveld), vir die gelowiges. (Romeine 8:27)
- **In die spanningsveld tussen lyding en heerlijkheid werk alles ten goede mee.** Ons weet dat God alles ten goede laat meewerk vir dié wat Hom liefhet, dié wat volgens sy besluit geroep is. (Romeine 8:28)
- **Eindproduk: soos Jesus!**
Dié wat Hy lank tevore verkies het, het Hy ook bestem om gelykvormig te wees aan die beeld van sy Seun, sodat sy Seun baie broers kan hê van wie Hy die Eerste is. (Romeine 8:29)
- **Daar kom 'n einde aan die spanningsveld tussen lyding en heerlijkheid: opstandingsliggaam**
Die wat Hy daartoe bestem het, het Hy ook geroep. En dié wat Hy geroep het, het Hy ook vrygespreek. En dié wat Hy vrygespreek het, het Hy ook verheerlik. (Romeine 8:30)

4. VIER GEVOLGTREKKINGS.

- **In hierdie spanningsveld tussen lyding en verheerliking is God aan ons kant.** Wat is nou ons gevolgtrekking oor al hierdie dinge? Dít: God is vir ons, wie kan dan teen ons wees? ³²Hy het sy eie Seun nie gespaar nie, maar Hom oorgelewer om ons almal te red. Sal Hy ons dan nie al die ander dinge saam met Hom uit genade skenk nie?



- **In die spanningsveld tussen lyding en verheerliking kan niemand ons veroordeel as ons soms misluk nie.**

³³Wie kan die uitverkorenes van God aankla? God self spreek hulle vry. ³⁴Wie kan ons veroordeel? Christus Jesus het gesterf, maar meer as dit: Hy is uit die dood opgewek, Hy sit aan die regterhand van God, Hy pleit vir ons. (Romeine 8:33,34)

- **In die spanningsveld tussen lyding en verheerliking kan niemand ons van die liefde van Christus skei nie.**

³⁵Wie kan ons van die liefde van Christus skei? Lyding of benoudheid of vervolging, honger of naaktheid, gevaar of swaard? (Romeine 8:35)

- **In die spanningsveld tussen lyding en verheerliking is ons meer as oorwinnaars.**

³⁷Maar in al hierdie dinge is ons meer as oorwinnaars deur Hom wat vir ons liefhet. ³⁸Hiervan is ek oortuig: geen dood of lewe of engele of magte of teenswoordige of toekomstige dinge of kragte ³⁹of hoogte of diepte of enigiets anders in die skepping kan ons van die liefde van God skei nie, die liefde wat daar is in Christus Jesus ons Here. (Romeine 8:37-39)

5. SLOTLIED:LIED 190

1. Grote God aan U die eer!

Heerlik is waar U regeer;

Hemels is U majesteit;

Heilig U Geregtheid.

U wat alles onderhou,

U is Ewig en getrou.

2. In genade, groot en ryk,

Bou U, Heer, u koninkryk.

Voordat ek kon kies, kon vra,

Het u Seun my vloek gedra.

Ek kon vind: U't my gekry

Voor ek nog my skuld bely.

3. U, oor alles God en Hoof,

Open oë van geloof

Dat ons sien, geen goed of kwaad



Word aan toeval oorgelaat:
Bokant ons begrip, verstand,
Hou U al wat is in stand.

6. SEËNBEDE

Die genade van die Here Jesus Christus en
die liefde van God, ons Vader en
die gemeenskap van die Heilige Gees
sal by julle almal wees.
AMEN.

7. OFFERGAWE

Ons gee nou geleentheid vir julle dankoffer.
U as gesin kan EFT, of snapsan of via payfast in betaal.



NG Wonderpark.
Absa Tjekrekening 1460165489
Takkode:632005
Verwysing: Dankoffer

